## Sy't haar man aangemoedig en . . .

# Nou lê die lang alleenbly voor

DEUR haar aanmoediging het haar man besluit om saam met die Suid-Afrikaanse ekspedisie na die Antarktika te gaan, maar nou dat die vertrektyd hier is, is sy glad nie meer so geesdriftig daaroor nie.

Mev. Rina van Zyl van Pretoria is een van die twee vroue wat meer as 'n jaar alleen moet bly, want haar man vertrek op 29 Desember saam met die ekspedisie na die Antarktika. Hy is een van die enigste twee getroude lede van die span.

Die plan om saam te gaan het eintlik by haar begin, vertel mev. Van Zyl. Sy is sekretaresse van die adjunksekretaris van Vervoer en het stukke in verband met die ekspedisie getik. Sy sien toe daar is nog 'n radiobediener nodig en moedig haar man aan om aansoek te doen.

Die tyd om aansoek te doen was al feitlik verby en hulle was baie verbaas toe hy by die span ingesluit is. „Nou kan ek hom nie verwyt nie, want dit is alles my skuld," sê sy.

Nie 'n maklike tyd wat voorlê nie. want in die tien jaar van getroude lewe was vier dae die langste wat hy van die huis weg was en dit was vier lang dae, sê sy.

Sy sê die ledige uurtjies sal sy maar met lees en naaldwerk vul en dan het sy twee woelwaters, 'n seuntjie en 'n dogtertjie, om haar besig te hou.

Daar is darem een troos — as hy terugkom, sal hy baie bedrewe in kookkuns wees en dalk baie in die kombuis kan help. Die afgelope tyd het die span kooklesse by huishoudkundiges geneem. Sy sê die geregte wat hulle daar gemaak het, smaak vorentoe.



*Mev. Rina van Zyl van Pretoria. Sy is die vrou van een van die lede van Antarktiese ekspedisie, mnr. W. J. van Zyl wat op 29 Desember na die Antarktika vertrek.*